

BEKENDSTELLING NT & PSALMS: 'N DIREKTE VERTALING MAART/APRIL 2014 GROOTE KERK EN AGS KALEIDEO

God, sy Koninkryk, sy Kerk, sy Woord is 'n ineen gevlegte eenheid wat nie van mekaar geskei kan word nie. Die lewende God, sy lewende Koninkryk, sy lewende Kerk en sy lewende Woord kom vanaand weer hier op 'n besondere manier bymekaar. En ons elkeen vanaand hier is deel van hierdie bymekaar kom!

Ons, as kinders van die Koninkryk, het rede om vanaand ons God te vier en te eer, die Koninkryk te vier, die Kerk te vier en die Woord te vier!

Met die oog op die uitbreiding van sy Koninkryk en die eer van God, ontvang die Kerk vanaand weer 'n nuwe, besondere weergawe van die Woord van God met hierdie NT & Psalms: 'n Direkte Vertaling.

Hierdie is die 4de weergawe van die Bybel in Afrikaans waarby die BSA betrokke was om die Kerk en die Koninkryk te dien: 1933, 1983, 2008 (Dowes) en nou weer hierdie NT en Psalms met die OT wat later sal volg.

Die Bybelgenootskap inisieer nie self Bybelvertalings nie, maar hou sy oor by die mond van die Kerk om te luister na Bybelbehoefte. Nadat die BSA die versoek van die Kerk in 2005 goedgekeur het, is ons nou vanaand hier met die eerste vrug van die arbeid van die vertaalspan. Dit is daarom met groot vreugde dat die BSA vanaand hierdie NT en Psalms vir die Kerk gee om vir sy opbou te gebruik.

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer..." en Bybelvertaling, wat ook onder die leiding van die Heilige Gees gedoen word, is vir my die verlenging van die "hele Skrif" wat nou moet uitgaan sodat mense in hul eie taal van "die groot daad van God", soos in die eerste Handeling-gemeente, kan hoor.

Ons is in SA bevoorreg met die diepte van kundigheid, wat wêreldwyd erken word, van ons Bybelvertalers. Ons allergrootste dank gaan aan die ongeveer 140 kundiges wat in verskillende hoedanighede by die vertaling betrokke was en is. Eksegete, brontaalkenners, intravertalers, letterkundiges, taalkundiges, vertaalkundiges en kerklike lesers, mans en vroue van bykans 20 kerke – broers en susters ons het die grootste respek vir u en vir die deeglikheid waarmee u hierdie vertaling, in afhanklikheid van die Here, doen.

Vergun my om ons Projekleier, prof Bernard Combrink, spesiaal te bedank. Met sy toegewydheid, sy deeglikheid, die ure wat hy insit, sy nederige afhanklikheid van die Here, weet ons dat hierdie projek in die beste hande is!

Dankie Bernard! Dankie aan die Begeleidingskomitee wat die projek bestuur, die drie Redaksionele komitees wat baie naweke, weg van hulle huise vergader. Groot dankie aan al die personeel van die Bybelgenootskap wat op die een of ander wyse direk betrokke was by hierdie NT en Psalms se publikasie. Weet dat almal wat betrokke is, met integriteit, deeglikheid en verantwoordelikheid hierdie werk doen. Ons wil vanaand die dank wat die vertalers toekom, aan hulle betuig.

Mag hierdie Testament en Psalms instrumenteel wees in die vervulling van die belofte van Jesaja 55:11 dat die Woord van God wat hierin geskryf is nie leeg na Hom sal terugkeer nie, maar sal doen wat Hom behaag en voorspoedig sal wees in alles waartoe Hy dit stuur. Mag hierdie NT en Psalms (en later die volledige Bybel) daarom

- die Koninkryk en Kerk uitbou
- die gelowiges opbou
- die ongelowiges inbring

Die ongekennde samewerking van kerke en die inklusiwiteit van hierdie vertaling is uniek in die geskiedenis van die Bybel in Afrikaans. Daardeur word op 'n besonder manier die Kerk en Koninkryk gedien. Dit is 'n feit: die Bybel bring mense bymekaar en mag hierdié vertaling die mure tussen kerke nog laer maak ('n uitdrukking van dr Isak Burger).

Die missie van die Bybelgenootskap is die voorsiening van bekostigbare Bybels in al ons tale en in alle formate sodat elkeen die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Daarom word saam met die gedrukte uitgawe die NT en Psalms vandag ook op selfoon, as e-boek asook aanlyn bekendgestel.

Mag hierdie vertaling Joh 20:31 laat waar word: "Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê."

Ek glo die hemel vier vanaand saam met ons fees met die bekendstelling van hierdie NT en Psalms. Daar is baie goeie grond daar buite wat wag vir hierdie saad om honderd-, sestig- en dertigvoudig vrug in die Koninkryk te dra!

Gerrit Kritzinger